Maandag
Rom. 7: 9 – 12, 8: 1 – 15; Esegiël 36: 24–28; Ps. 199: 126.127. 165 -167. Teks: Rom. 8:14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Tema: 'Ons het Christus se direkte opdragte lief.' Die Psalmskrywer maak ‘n besondere belydenis oor God se wet. Hy bely dat hy God se bevele liefhet, God se wet as bevele. Wat is ‘n bevel? Dit is ‘n direkte opdrag. Dit is nie ‘n mening, ‘n gedagte of ‘n suggestie nie. Nog minder is dit ‘n versoek, ʼn wenk of ʼn voorstel nie. Wanneer die Here sy wil só bekend maak, “ jy moet jou ouers eer, jy mag nie egbreuk pleeg, steel, oor of valse getuig nie," is dit direkte opdragte wat jy moet uitvoer. Die Here is nie besig om met jou gedagtes uit te ruil nie, sy opvatting of mening met jou te deel nie of aan jou wenke en voorstelle te maak nie. Dit is hoe die moderne geestelikheid God se wet wil sien en voorhou: in God se liefde en genade mag Hy kamstig nie meer aan ons bevele gee nie. God moet met ons mooipraat, saggies praat en eers vir ons verduidelik hoekom Hy vir ons iets sê voor mense na Hom sal luister. As die Here met hulle "lelik praat" luister hulle nie. "Lelik praat" is wanneer die Here bevele gee, direkte opdragte en mooipraat is wanneer die Here vir ons sy menings, sy gedagtes, sy versoeke en suggesties gee sodat ons dit kan oorweeg of ons daarna wil luister of nie. Dit is ook die nuwe geestelike betekenis wat mense gee aan die wet van God as riglyne: die wet van God sou nou kamstig net riglyne wees, net voorstelle en menings van God wat jy kan oorweeg - nie meer bevele nie. En dan kom die skrywer van Ps. 119 en verklaar dat hy God se wet as direkte bevele liefhet! Hoe kan ons God se direkte bevele liefhê? Dit is die ontdekking wat ons in Romeine 8: 2 moet maak: God se wet, sy Tien Gebooie werk op twee verskillende maniere! Paulus stel dit duidelik en onomwonde so aan die orde: God se wet kan óf werk as die wet van die Gees óf as die wet van sonde en dood. En dit is twee maniere wat mekaar wedersyds uitsluit en nooit saam kan werk nie. Dit is óf die een óf die ander want die manier waarop die wet van God werk as die wet van die Gees maak ons VRY VAN die manier waarop die wet werk as die wet van sonde en dood. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za Ds Petrus.

Dinsdag
Rom. 7: 9 – 12, 8: 1 – 15; Esegiël 36: 24–28; Ps. 199: 126.127. 165 -167. Teks: Rom. 8:14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Tema: 'Ons het Christus se direkte opdragte lief.' Die kontras van 'wet van die Gees' teenoor 'wet van sonde en dood', is ‘n ander saak as die verskil tussen die wet en die evangelie wat Paulus van hoofstuk 1 tot 6 verduidelik het. Hier gaan dit oor die kontras oor hoe werk die Tien Gebooie vir hulle wat INGESLUIT is in Jesus Christus teenoor hoe werk die wet vir hulle wat UITGESLUIT is van Jesus Christus. Vir ons wat ingesluit is in Jesus Christus is die 10 Gebooie die wet van die Gees maar vir hulle wat uitgesluit is, is die Tien Gebooie die wet van sonde en dood. Die verskil in hoe die wet werk beskryf Paulus as dat vir gelowiges gee die Heilige Gees ‘n lewe in Christus Jesus – volgens 8:1 is dit ‘n lewe waarin ons nooit weer vir enige sonde wat ons doen ooit weer deur God veroordeel, gestraf, aangekla of verwerp sal word nie, omdat Christus vir ons die veroordeelde was. Die Heilige Gees gee ons die lewe in Christus waarin ons reg gemaak is vir God se liefde en ons liefde vir God reggemaak is, al kan ons in ons liefde nie die wet ooit volkome onderhou of ons self en ons lewe

regmaak deur die onderhouding van die wet nie. Dit is die lewe waarin ons nooit weer deur enige sonde, neiging, swakheid of moedswilligheid ooit weer van God se liefde geskei kan word nie. (Rom. 8: 31 – 39) Die wet van die Gees is die Tien Gebooie wat ons nooit weer aankla, veroordeel, straf of vervloek as ons sonde doen nie. Die wet van sonde en dood is die wet wat ongelowiges aankla, veroordeel, straf en vervloek as hulle sonde doen. Verlede keer het ons gesien dat hierdie verskil in hoe die wet van God werk is soos die reëls van ‘n sport anders gebruik word deur ‘n afrigter as deur ‘n skeidsregter. Die Tien Gebooie van die Gees is die wet van die Here wat ons afrigter is en die wet van sonde en dood is die wet van die Here as Skeidsregter van die wêreld. Paulus beskryf hierdie verskil tussen die Here as Afrigter of Skeidsregter as die verskil tussen die wet van ‘n Vader vir sy kinders teenoor die wet van ‘n Baas vir sy slawe. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Woensdag
Rom. 7: 9 – 12, 8: 1 – 15; Esegiël 36: 24 – 28; Ps. 119: 126,127,165-167. Teks: Rom. 8: 14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Tema: 'Ons het Christus se direkte opdragte lief.' Vir gelowiges is die Tien Gebooie die wet van die Gees. Hy is die Gees wat ons die lewe binne God se verbond gee (Eseg. 36: 24 – 28’ Rom. 8:2). Die Heilige Gees bevestig dat deur ons vereniging met Christus het God die Vader ons as sy kinders aangeneem en deur ons aanneming as kinders roep ons God die Vader aan as “Ons Vader”, ons en Christus se Vader. So lei die Gees ons met die 10 Gebooie as die wet van ons Vader (Rom. 8:2, 14). Die Gees lei ons nooit met die 10 Gebooie wat as die wet van sonde en dood werk nie (Rom.8: 2). Dit is die slawe-wet van straf en vrees van God vir sy arbeiders - nie sy kinders nie. Paulus stel hierdie kontras tussen die lewe van kinders téénoor die lewe van slawe in Gal.4: 6,7 so: “En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat uitroep: Abba, Vader! Jy is dus nie meer ‘n slaaf nie, maar sy seun; en as jy seun is, is jy ook erfgenaam.” Christus maak die belofte van God in Eseg. 36 waar in ons lewe. Die belofte “Ek sal julle ‘n nuwe hart gee, ‘n nuwe gees in julle binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en julle ‘n hart van vlees gee. My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer", vervul die Here Jesus deur ons in te sluit in wie Hy as mens in ons plek is en so God sý Vader óns Vader te maak. So ontvang ons die Gees wat ons laat weet ons is God die Vader se kinders en God lei ons as Vader in sy wil - die Vader wat ons nooit weer vir enige sonde sal veroordeel, straf, aankla of vervloek nie (Rom.8:1). Dit skep die nuwe geloofsgehoorsaamheid waarin ons in God se wet as Vader vir sy kinders "wandel met ons Vader". In die 1953 vertaling word Eseg. 36: 27 vertaal as “Ek sal maak ... dat julle in my insettinge wandel” en Rom. 8:4 as "ons wandel deur die Gees". Deur die Heilige Gees wandel ons met God die Vader as ons Vader en is die wet nou die wil van ons Vader wat saam met ons leef en werk en ons nooit vir enige sonde veroordeel of straf nie. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.

Donderdag
Rom. 7: 9 – 12, 8: 1 – 15; Esegiël 36: 24–28; Ps. 119: 126,127, 165-167. Teks: Rom. 8: 14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Tema: 'Ons het Christus se direkte opdragte lief.' Die Heilige Gees lei ons deur die Tien Gebooie (die wet van die Gees) om binne die bedoeling van God met ons te leef – om kinders van God te Vader te wees en met God die Vader te wandel. Dit is wat Christus vir ons bewerk het: om sondaar in óns plek en ons reg vir God se liefde in sý plek te laat wees. Hy het vir ons die vereistes van die wet vervul (2022 vertaling Rom. 8: 4). Hierdie woord “vereistes” beteken die “reg van die wet” in die sin van die regte bedoeling van die wet. Die regte eis en bedoeling van die wet van God was altyd om dit die wil van die Vader vir sy kinders te laat wees. Christus vervul vir ons weer die bedoeling van die wet deur ons vir God sy rein, regverdige en heilige kinders te maak (Eseg. 36: 25, Rom. 3:26). Hy neem die kliphart waarin God vir ons ‘n baas is uit ons uit en gee vir ons ‘n hart van vlees waarin God ons Vader is en ons Hom as Vader liefhet en aanroep (Eseg. 36: 26, Rom. 8: 15). Hy stuur God se Gees in ons binneste om ons met die liefde, goedheid, genade, barmhartigheid en guns van God die Vader te vervul (Eseg.36: 27, Rom.8: 16). Christus maak dat ons as kinders van God sy wet hoor as die wil van ons Vader en nie meer as die wet van God wat ons Baas is nie. Só maak Christus vir ons deur die Heilige Gees God se wet vir ons die verbondswet van ons Vader en hoor ons dit as kinders as voorskrifte, bepalings, riglyne en verordeninge. Ons hoor nie in ons Vader se wet wat slawe in wette hoor nie – dreigemente, veroordelings, straf reëlings en regulasies nie. Ons leef binne die bedoeling wat Christus aan ons en ons lewe vir God gee – ons is die geliefde kinders van God die Vader. Slawe, arbeiders leef nooit binne die bedoeling van God se wet nie. Hulle leef volgens hulle sondige natuur en dit is die geaardheid van arbeiders. Hulle leef met hulle eíe bedoelings vir hulle lewe en gee hulle eíe betekenis aan hulle lewe. Dis 'n Lewe waarin hulle God se wet net hoor as die reël hoe jy beloon of gestraf gaan word. Kinders van God leef binne die bedoeling van sy wil omdat hulle glo sy wet is hoe Hy hulle as kinders binne sy liefde lei in sy bedoeling as Vader met hulle en hul lewe. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za    Ds Petrus.

Vrydag
Rom. 7: 9 – 12, 8: 1 – 15; Esegiël 36: 24 – 28; Ps. 119: 126,127, 165-167. Teks: Rom. 8: 14: “Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.” Tema: 'Ons het Christus se direkte opdragte lief.'  Gee ‘n pa wat saam met sy kinders boer of saam met hulle in die besigheid is net sy menings en gedagtes oor wat hulle moet doen? Vra hy sy kinders net mooi wat hulle moet doen of gee hy hulle direkte opdragte? Hy gee aan hulle direkte opdragte, bevele! Wat gee hierdie pa aan arbeiders? Hy gee aan hulle ook bevele, direkte opdragte! Maar hoe verskil die bevele wat hy aan sy KINDERS gee van die bevele wat hy aan die ARBEIDERS gee? Die verskil is nooit dat hy met sy kinders mooi saggies praat of mooi vra maar op sy arbeiders skree en hulle beledig nie. Die verskil is totaal anders. Net so is dit met God en sy wet. Hy gee aan sy kinders én goddeloses direkte opdragte, bevele. God praat nie mooi saggies met sy kinders en God beledig nie goddeloses met sy wet nie. Die verskil in hoe God aan sy kinders bevele gee en hoe Hy aan goddeloses bevele gee is totaal iets anders. Vir sy kinders laat Hy sy wet die wet van die Gees

wees wat aan hulle die lewe in Christus wees en vir goddeloses laat Hy dit die wet van sonde en dood wees. Met die wet van die Gees maak God sy kinders kosbaar in sy liefde want Hy vertrou wat syne as God is toe in die diens en sorg van sy kinders. En sy kinders hoor ín sy bevele sy bedoeling om hulle sy kinders in sy liefde te laat wees. Goddeloses beveel God net om te doen wat Hy sê sonder dat hulle ingesluit is sy bedoeling om hulle sy kinders te laat wees. God vertrou  nooit Syne aan hulle toe nie maar plaas hulle permanent onder die toesig en beheer van die wet se straf en beloning. So hou God hulle “klein” - net mense. Maar hoe sien hulle hulself? Hulle sien hulself altyd as so groot soos God en met die magte van God! Ons as kinders van God, het sy bevele lief want ons hoor in sy wet die LEWE wat Hy aan ons gegee het om in sy liefde te leef. Goddeloses hoor net onderdrukking en vernedering. Maar ons, gelowiges, het God ons Vader se bevele lief. Preek beskikbaar op Google by evangelie-vandag.co.za   Ds Petrus.